

'Marsman' klim uit sy 'VVV', plaasvrou ruk knipmes uit en sê skoert

EARL RYAN COETZEE
Ventersdorp

NHarige "Marsmannetjie" het hom gisteroggend lelik misgids toe hy gedink het hy kan 'n vrou van Ventersdorp skrikmaak.

Dit was nadat sy "vreemde vlieënde voorwerp" (VVV) talle nuuskieriges na die plaas Dawnhill van mnr. Okker Yssel net buite Ventersdorp gelok het.

Die VVV het al van vroegoggend plaaswerkers en boere van

die omgewing gelok.

Wat hulle nie geweet het nie, is dat dit deel is van 'n *candid camera*-fleks en die polisie en nuuskameras was almal betrokke by die poëts.

Soos gewoonlik kon sommige nie hul nuuskierigheid bedwing nie en het besluit om 'n bietjie nader ondersoek in te stel. Dis toe die pret begin het.

Skielik het rook en stoom by die tuig begin uitborrel wat van die mans laat spaander het.

Maar me. Antionet Leonard, wat op die plaas werk, en nog 'n paar nuuskieriges kon nie skrik-

gemaka word nie.

Toé die deur oopgaan en 'n aapagtige mannetjie in 'n silwer jas uitstap, het die boere hul hakske-ne gewys.

Toé was dit net Leonard en haar knipmes wat kon keer dat die aap en sy soort die aarde binneval.

"Klim terug in jou skip en gee pad van ons plaas af, jy hoort nie hier nie!" het sy hom toegesnou.

Hy het byna 'n paar steekwonde opgedoen, maar gelukkig kon die akteur sy masker betyds afkry om te wys hy is mens, net soos sy.

Die toneel is deel van André Scholtz, die man agter verskeie van Leon Schuster se *candid camera*-poëste, se nuwe flek, *Skelims*. Drie akteurs reis hiervoor die land plat en vang mense met hul versteekte kameras uit.

Die flek sal na verwagting teen die middel van volgende jaar in teaters te sien wees.

Leonard het agterna baie lekker gelag en kon nie glo dat hulle haar so geflous het nie.

"Ek het gewonder hoe so iets waar kan wees, en hoe kom hulle by Ventersdorp van alle plekke uit," het sy liggend gesê.

RAPPORT, 16 NOVEMBER 2008

RAPPORT, 16 NOVEMBER 2008

'n Vlieënde pieping op die plaas van mnr. Okker Yssel het groot belangstelling van werkers en boere in die Ventersdorp-omgewing ontlok. Hier hardloop 'n paar nuuskieriges weg toe die voorwerp 'n gefuld maak en stoom blaas, onbewus daarvan dat dit deel is van 'n flek met steeltonele.



Me. Antionet Leonard val die "vreemde wese" wat uit die vlieënde pieping kom met haar mes aan. Dit was so amper of Kevin Ehrenreich, wat die rol van die Marsmannetjie gespeel het, was in die hospitaal. Gelukkig kon hy sy masker betyds afruk.

Foto's: DEAN VIVIER

Me. Antionet Leonard kon die rol van die Marsmannetjie gespeel het, was in die hospitaal. Gelukkig kon hy sy masker betyds afruk.